(5) The tribunal shall elect a chairperson from amongst its members, and inform the registrar of its election, and such chairperson shall have a deliberative vote but no casting vote.

(6) At least two-thirds of the members of the tribunal must agree to any decision or step taken **[in the exercise of the powers contemplated in section 15B(10)]** by the tribunal under this section.";

*(b)* **[Die]** die registrateur **[sal vereis dat die raad die skema verwys vir die toedeling van 'n aktuariële surplus ingevolge artikel 15B aan 'n spesiale *ad hoc*-tribunaal om die funksies van die raad uit te voer soos uiteengesit in artikel 15B, indien]**—

(i) **[die registrateur]** nie tevrede is dat die skema wat deur die raad ingedien is ingevolge artikel 15B redelik en gelykwaardig is nie;

(ii) **[die registrateur oorweeg]** van mening is dat onopgeloste klagtes ondersoek vereis wat mag lei tot 'n oorsig van sodanige skema;

(iii) **[die statutêre aktuariële waardasie soos op die surplustoedelingsdatum van die fonds vir die doeleindes van vasstelling van die aktuariële surplus in die fonds vir die registrateur onaanvaarbaar is]** nie tevrede is dat aan artikel 15B(11) voldoen is nie; of

(iv) nie met die resultaat van die ondersoek in artikel 15B(6) bedoel, saamstem nie;

*(c)* die raad dit versoek; **[of**

**(v)]***(d)* die persoon wat kragtens artikel 15B(3) aangestel is, dit versoek; of

*(e)* die raad van die fonds ingevolge artikel 15B(11) 'n nulopgawe aan die registrateur voorlê en die registrateur nie tevrede is dat 'n nulopgawe geregverdig is nie.

(2) Die tribunaal bestaan uit minstens drie lede wie almal onafhanklik van enige belanghouer in die fonds moet wees, en van wie—

*(a)* minstens een 'n regsgeleerde moet wees **[wat deur die raad verkies is uit 'n paneel goedgekeur deur die registrateur]**;

*(b)* minstens een 'n aktuaris moet wees **[wat deur die raad verkies is uit 'n paneel goedgekeur deur die registrateur]**; en

*(c)* minstens twee oor ondervinding van aftreefondsfinansiering **[moet]** beskik:

Met dien verstande dat die registrateur **[die lede van die tribunaal kan verkies, indien die raad versuim om sy keuse binne drie maande na die versoek gerig deur die registrateur, te doen]**—

(i) 'n fonds redelike geleentheid kan gun om lede vir die tribunaal voor te stel; en

(ii) 'n vervanging binne 'n redelike tydperk moet aanstel waar 'n lid van 'n tribunaal sterf, ongeskik word, bedank of die registrateur van mening is dat die lid nie meer geskik is om sodanige posisie te beklee nie.

(3) Die tribunaal moet die bepaling in verband met die toedeling binne die tydperk bepaal deur die registrateur doen: Met dien verstande dat—

*(a)* waar die tribunaal skat dat die koste in subartikel (12) beoog die aktuariële surplus oorskry, die tribunaal kan bedank en die fonds moet 'n skema kragtens artikel 15B(1) indien; of

*(b)* indien die tribunaal vasstel dat daar nie van die fonds vereis word om 'n skema ingevolge artikel 15B(1) voor te lê nie, moet die tribunaal die registrateur versoek om die aanstelling te beëindig en die fonds moet 'n nulopgawe kragtens artikel 15B(11) indien.

(4) **[Drie]** Ten minste twee derdes van die lede van die tribunaal maak 'n kworum uit.

(5) Die tribunaal verkies 'n voorsittende persoon vanuit sy lede, en lig die registrateur in van die verkiesing, en sodanige voorsittende persoon beskik oor 'n **[beraadslagende]** gewone stem maar nie oor 'n beslissende stem nie.

(6) Minstens twee derdes van die lede van die tribunaal moet saamstem met enige beslissing geneem of stap gedoen **[by die uitoefening van die bevoegdhede beoog in artikel 15B(10)]** deur die tribunaal kragtens hierdie artikel.";

*(b)* by the insertion after subsection (6) of the following subsections:

"(6A) The board must submit to the tribunal—

*(a)* the report on the statutory actuarial valuation of the fund as at the surplus apportionment date;

*(b)* any other actuarial or other statement that should be taken into account for purposes of the determination; and

*(c)* any report by the person appointed in terms of section 15B(3),

where the report or statement referred to in paragraph *(a)* or *(b)* was secured by the board of the fund prior to the appointment of the tribunal: Provided that the registrar must agree with the actuarial surplus quantified by the valuator in the report referred to in paragraph *(a)* before submission in terms of this subsection.

(6B) *(a)* Section 15B, excluding subsections (1), (7), (9) and (11), applies with the changes required by the context to the tribunal and any determination by the tribunal.

*(b)* For the purposes of paragraph *(a)*, any reference to the board and a scheme in section 15B must be construed as a reference to the tribunal and a determination, respectively.

(6C) The tribunal—

*(a)* must take reasonable measures to inform stakeholders of its determination in relation to the apportionment of actuarial surplus and must resolve any objections in respect of the determination;

*(b)* may not duplicate any of the functions in respect of the apportionment of actuarial surplus or the submission of a nil return in terms of section 15B, performed by the board prior to the appointment of the tribunal, unless the tribunal can demonstrate that it was necessary to do so in order to comply with this Act;

*(c)* may request an additional report from an independent actuary on matters associated with the apportionment of the actuarial surplus if the tribunal deems it necessary; and

*(d)* must be satisfied that its determination is reasonable and equitable and accords full recognition to the rights and reasonable benefit expectations of members and former members in respect of service prior to the surplus apportionment date.";

*(c)* by the substitution for the proviso to subsection (10) of the following proviso:

": Provided that such record shall be passed to the **[registrar]** fund and made available to the registrar on request, once the tribunal has completed its determination";

*(d)* by the substitution for subsections (11) and (12) of the following subsections, respectively:

"(11) **[After the tribunal has completed an investigation, it shall send a statement containing its determination and the reasons therefor, signed by the members of the tribunal, to all parties concerned as well as to the registrar]** The tribunal must submit its determination to the registrar and to the fund.

(12) *(a)* Any reasonable costs arising from the work or the performance of the functions of the tribunal, including periodical allowances or compensation for personal expenses of the members of the tribunal, shall be recovered from the fund **[out of the surplus being apportioned if the tribunal satisfies the registrar that such costs were reasonably incurred in the performance of the required functions]**.

*(b)* Despite the provisions of paragraph *(a)*, the costs must be recovered from the actuarial surplus if the tribunal determines an apportionment of actuarial surplus."; and

*(e)* by the substitution for subsection (15) of the following subsection:

"(15) The registrar must accept **[such]** a determination in relation to the apportionment of actuarial surplus as satisfying the requirements of section 15B**[(9)]** and forward a certificate to the fund to the effect that section 15B has been complied with, unless the registrar is of the opinion that the tribunal failed to exercise its discretion properly and in good faith.".

*(b)* deur die volgende subartikels na subartikel (6) in te voeg:

"(6A) Die raad moet aan die tribunaal voorlê—

*(a)* die verslag oor die statutêre aktuariële waardering van die fonds soos op die surplustoedelingsdatum;

*(b)* enige ander aktuariële of ander verklaring wat vir die doeleindes van die bepaling in ag geneem moet word; en

*(c)* enige verslag deur die persoon ingevolge artikel 15B(3) aangestel,

waar die verslag of verklaring in paragraaf *(a)* of *(b)* bedoel deur die raad van die fonds verkry is voor die tribunaal aangestel is: Met dien verstande dat die registrateur moet saamstem met die aktuariële surplus gekwantifiseer deur die waardeerder in die verslag in paragraaf *(a)* bedoel, voor indiening ingevolge hierdie subartikel.

(6B) *(a)* Artikel 15B, behalwe subartikels (1), (7), (9) en (11) uitgesluit, is van toepassing op die tribunaal en enige vasstelling deur die tribunaal, met die veranderinge deur die samehang vereis.

*(b)* By die toepassing van paragraaf *(a)*, moet enige verwysing na die raad en 'n skema in artikel 15B as 'n verwysing na, onderskeidelik, die tribunaal en 'n vasstelling vertolk word.

(6C) Die tribunaal—

*(a)* moet redelike stappe doen om aandeelhouers in te lig van die tribunaal se bepaling in verband met die toedeling van aktuariële surplus en moet enige besware ten opsigte van die vasstelling oplos;

*(b)* mag nie enige van die werksaamhede dupliseer ten opsigte van die toedeling van aktuariële surplus of die indiening van 'n nulopgawe ingevolge artikel 15B, deur die raad gedoen voor die aanstelling van 'n tribunaal nie, tensy die tribunaal kan demonstreer dat dit nodig was ten einde aan hierdie Wet te voldoen;

*(c)* kan 'n bykomende verslag van 'n onafhanklike aktuaris aanvra oor aangeleenthede wat met die toedeling van die aktuariële surplus verband hou indien die tribunaal dit nodig ag; en

*(d)* moet tevrede wees dat sy bepaling redelik en gelykwaardig is en volle erkenning aan die regte en redelike voordeelverwagtinge van lede en vorige lede gee ten opsigte van diens voor die surplustoedelingsdatum.";

*(c)* deur die voorbehoudsbepaling tot subartikel (10) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

": Met dien verstande dat so 'n rekord aan die **[registrateur]** fonds deurgestuur moet word en op versoek aan die registrateur beskikbaar gestel moet word, wanneer die tribunaal sy bepaling voltooi het.";

*(d)* deur subartikels (11) en (12) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

"(11) **[Nadat die tribunaal 'n ondersoek afgehandel het, moet die tribunaal 'n verklaring wat sy bepaling en die redes daarvoor bevat, onderteken deur die lede van die tribunaal, na alle betrokke partye asook die registrateur stuur]** Die tribunaal moet sy bepaling aan die registrateur en die fonds voorlê.

(12) *(a)* Enige redelike koste wat voortspruit uit die werk of die verrigting van die werksaamhede van die tribunaal, met inbegrip van periodieke toelaes of vergoeding vir persoonlike uitgawes van die lede van die tribunaal, word **[bestry deur]** van die fonds verhaal **[uit die surplus wat toegedeel word indien die tribunaal die registrateur tevrede stel dat sodanige koste redelikerwys aangegaan is by die verrigting van die vereiste werksaamhede]**.

*(b)* Ondanks die bepalings van paragraaf *(a)*, moet die koste uit die aktuariële surplus verhaal word indien die tribunaal 'n toedeling van aktuariële surplus bepaal."; en

*(e)* deur subartikel (15) deur die volgende subartikel te vervang:

"(15) Die registrateur moet **[sodanige]** 'n bepaling in verband met die toedeling van aktuariële surplus as voldoening aan die vereistes van artikel 15B**[(9)]** aanvaar en 'n sertifikaat aan die fonds stuur te dien effekte dat artikel 15B nagekom is, tensy die registrateur van oordeel is dat die tribunaal versuim het om sy diskresie behoorlik en te goeder trou uit te oefen.".

**Amendment of section 16 of Act 24 of 1956, as amended by section 16 of Act 86 of 1984, section 9 of Act 50 of 1986, section 4 of Act 54 of 1991, section 23 of Act 83 of 1992 and section 6 of Act 22 of 1996**

**29.** Section 16 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) **[Save as provided in section 17, a]** A registered fund shall, once at least in every three years, cause its financial condition to be investigated and reported upon by a valuator, and shall deposit a copy of such a report with the registrar, and shall send a copy of such report or a summary thereof, prepared by the valuator in a form prescribed and signed by **[him]** the valuator, to every employer participating in the fund.";

*(b)* by the substitution in subsection (5) for the words preceding the proviso of the following words:

"Notwithstanding anything contained in the preceding subsections, the registrar may, **[with the consent of the Minister, and]** after not less than one month's notice in writing to any registered fund, require that fund to cause such an investigation to be made in respect of the position as at the expiration of any financial year, if the registrar is of the opinion that an investigation would show that the fund is not in a sound financial condition";

*(c)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) *(a)* If the rules of a fund provide that the benefits which may become payable to a category of members are subject to the discretion of the board or management of the fund, the registrar shall, on request of the fund, **[and subject to payment by the fund of such expenses as the registrar may incur in the matter]** on good cause shown by any officer of the fund or on the initiative of the registrar, determine what amount or scale of benefits is to be taken into consideration for the purpose of the valuation, and such determination by the registrar shall be binding upon the fund.

*(b)* The fund shall bear any expenses incurred by the registrar in respect of a matter contemplated in paragraph *(a)*."; and

*(d)* by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

"(9) The provisions of **[subsection (3) of]** section 15(3) in connection with a document relating to the financial position or the revenue or expenditure of a fund referred to therein, shall apply **[*mutatis mutandis*]** with the necessary changes in respect of a copy of a report deposited with the registrar in terms of subsection (1) of this section and which in the opinion of the registrar—

*(a)* other than in respect of a report on the valuation of a fund as at its surplus apportionment date, does not correctly reflect its financial condition referred to in the said subsection (1); or

*(b)* in respect of a report on the valuation of a fund as at its surplus apportionment date, does not correctly reflect its financial condition in subsection (1) or does not fairly take into consideration the interests of one or more of the stakeholders that may be entitled to participate in a scheme in terms of section 15B(1) based on the result of such report.".

**Repeal of section 17 of Act 24 of 1956**

**30.** Section 17 of principal Act is hereby repealed.

**Wysiging van artikel 16 van Wet 24 van 1956, soos gewysig deur artikel 16 van Wet 86 van 1984, artikel 9 van Wet 50 van 1986, artikel 4 van Wet 54 van 1991, artikel 23 van Wet 83 van 1992 en artikel 6 van Wet 22 van 1996**

**29.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) **[Behoudens die bepalings van artikel 17 moet]** 'n **[geregistreerde]** Geregistreerde fonds moet minstens eenmaal elke drie jaar sy finansiële toestand laat ondersoek en 'n verslag daaroor deur 'n waardeerder laat lewer, en 'n afskrif van so 'n verslag by die registrateur indien, en 'n afskrif van so 'n verslag of 'n opsomming daarvan, in 'n voorgeskrewe vorm deur die waardeerder opgestel en deur **[hom]** die waardeerder onderteken, aan elke werkgewer wat aan die fonds deelneem, stuur.";

*(b)* deur in subartikel (5) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die registrateur kan, ondanks enigiets in voorgaande sub-artikels vervat, **[met toestemming van die Minister, en]** na minstens een maand skriftelike kennisgewing aan 'n geregistreerde fonds, daardie fonds gelas om so 'n ondersoek ten opsigte van die toestand van sake aan die einde van enige boekjaar te laat doen, indien die registrateur van oordeel is dat 'n ondersoek sou aantoon dat die fonds nie in 'n gesonde finansiële toestand is nie";

*(c)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6) *(a)* Indien die statute van 'n fonds bepaal dat die voordele wat aan 'n kategorie lede betaalbaar mag word aan die diskresie van die bestuur van die fonds onderhewig is, moet die registrateur, op versoek van die fonds **[en onderworpe aan die betaling deur die fonds van sodanige onkoste as wat die registrateur in dié verband mag aangaan]**, by die aanvoer van goeie gronde deur enige beampte van die fonds of op inisiatief van die registrateur, bepaal welke bedrag of skaal van voordele vir die doeleindes van die waardasie in aanmerking geneem moet word, en so 'n bepaling deur die registrateur bind die fonds.

*(b)* Die fonds dek enige uitgawes wat die registrateur ten opsigte van 'n aangeleentheid in paragraaf *(a)* beoog, aangegaan het."; en

*(d)* deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

"(9) Die bepalings van **[subartikel (3) van]** artikel 15(3) in verband met 'n dokument wat op die finansiële toestand of die inkomste of uitgawes van 'n fonds daarin bedoel, betrekking het, is **[*mutatis mutandis*]** met die nodige veranderinge van toepassing ten opsigte van 'n afskrif van 'n verslag wat ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel by die registrateur ingedien is en wat na die oordeel van die registrateur—.

*(a)* behalwe ten opsigte van 'n verslag oor die waardering van 'n fonds soos op die fonds se surplustoedelingsdatum, nie 'n juiste weergawe van sy finansiële toestand in genoemde subartikel (1) bedoel, bevat nie; of

*(b)* ten opsigte van 'n verslag oor die waardering van 'n fonds soos op die fonds se surplustoedelingsdatum, nie sy finansiële toestand in subartikel (1) korrek weergee nie of nie die belange van een of meer van die belanghebbendes wat geregtig mag wees om ingevolge artikel 15B(1) aan 'n skema deel te neem, billik in ag neem nie, op grond van die uitslag van sodanige verslag.".

**Herroeping van artikel 17 van Wet 24 van 1956**

**30.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Amendment of section 18 of Act 24 of 1956, as amended by section 10 of Act 50 of 1986 and section 15 of Act 11 of 2007**

**31.** Section 18 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) **[When]** The registrar may prescribe criteria for financial soundness, and when any return under this Act indicates**[, in the opinion of the registrar,]** that a registered fund is not in a sound financial condition, the registrar **[shall]** may, save as provided in section **[twenty-nine]** 29, direct the fund to submit a scheme setting out the arrangements which have been made, or which it **[is intended]** intends to make, to bring the fund into a financially sound condition within **[a reasonable]** such period, and **[the fund shall deposit such scheme with the registrar within three months from the date of receipt of the said direction, together with a report thereon by a valuator or, in the case of a fund to which the provisions of section seventeen apply, by the auditor of the fund]** subject to such conditions, as determined by the registrar.".

**Insertion of section 18A in Act 24 of 1956**

**32.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 18:

"**Business rescue**

**18A.** (1) Notwithstanding the provisions of the Companies Act or any other law under which a pension fund or an administrator is incorporated, Chapter 6 of the Companies Act shall, subject to this section and with the necessary changes, apply in relation to the business rescue of a pension fund or an administrator, whether or not it is a company.

(2) The registrar may make an application under section 131 of the Companies Act in respect of a pension fund or an administrator if the registrar is satisfied, whether in accordance with section 26 of this Act or otherwise, that it is in the interests of the members of the pension fund concerned or the members for whose benefit the administrator concerned is administering the pension fund, to do so.

(3) The following acts are subject to the approval of the Registrar:

*(a)* The resolution of a pension fund or administrator to begin business rescue proceedings;
*(b)* the appointment of a business rescue practitioner;
*(c)* the adoption of a business rescue plan; and
*(d)* the exercise of a power by the business rescue practitioner under the Companies Act.

(4) In the application of Chapter 6 of the Companies Act—

*(a)* a reference to the Commission shall be construed as a reference also to the registrar;
*(b)* the reference to creditors shall be construed as a reference also to the members of the pension fund concerned or the members for whose benefit the administrator concerned is administering the pension fund; and
*(c)* in addition to any question relating to the business of a pension fund or an administrator, there shall be considered also the question whether any proposed action is in the interests of the members of the pension fund concerned or the members for whose benefit the administrator concerned is administering the pension fund.

(5) If an application to a court for an order relating to the business rescue of a pension fund or an administrator is made by an affected person other than the registrar—

*(a)* it shall not be heard unless copies of the notice of motion and of all accompanying affidavits and other documents filed in support of the application have been lodged with the registrar before the application is set down for hearing; and

**Wysiging van artikel 18 van Wet 24 van 1956, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 50 van 1986 en artikel 15 van Wet 11 van 2007**

**31.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) **[Wanneer]** Die registrateur kan maatstawwe voorskryf vir finansiële gesondheid, en wanneer 'n opgawe ingevolge hierdie Wet **[volgens die oordeel van die registrateur]** aantoon dat 'n geregistreerde fonds nie in 'n gesonde finansiële toestand is nie, **[moet]** kan die registrateur, behoudens die bepalings van artikel **[*nege-en-twintig*]** 29, gelas dat die fonds 'n skema voorlê waarin uiteengesit word die reëlings wat getref is, of wat **[volgens voorneme getref sal word]** die fonds van plan is om te tref om die fonds binne **['n redelike]** sodanige tydperk in 'n finansieel gesonde toestand te bring, en **[die fonds moet so 'n skema binne drie maande vanaf die datum van ontvangs van bedoelde lasgewing by die registrateur indien, tesame met 'n verslag daaroor deur 'n waardeerder of, in die geval van 'n fonds waarop die bepalings van artikel *sewentien* van toepassing is, deur die ouditeur van die fonds]** onderworpe aan sodanige voorwaardes, soos deur die registrateur bepaal.".

**Invoeging van artikel 18A in Wet 24 van 1956**

**32.** Die volgende artikel word hierby na artikel 18 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Ondernemingsredding**

**18A.** (1) Ondanks die bepalings van die Maatskappywet of enige ander wet waarkragtens 'n pensioenfonds of 'n administrateur ingelyf is, is Hoofstuk 6 van die Maatskappywet, behoudens hierdie artikel en met die nodige veranderinge, van toepassing op die ondernemingsredding van 'n pensioenfonds of 'n administrateur, hetsy dit 'n maatskappy is, al dan nie.

(2) Die Registrateur kan ingevolge artikel 131 van die Maatskappywet 'n aansoek doen ten opsigte van 'n pensioenfonds of 'n administrateur indien die Registrateur tevrede is, hetsy ooreenkomstig artikel 26 van hierdie Wet of andersins, dat dit in die belang is van die lede van die betrokke pensioenfonds of die lede ten bate waarvan die betrokke administrateur die pensioenfonds administreer, om dit te doen.

(3) Die volgende handelinge is onderhewig aan die goedkeuring van die Registrateur:

*(a)* Die besluit van 'n pensioenfonds of administrateur om 'n aanvang te neem met ondernemingreddingsverrigtinge;
*(b)* die aanstelling van 'n ondernemingreddingspraktisyn;
*(c)* die aanneming van 'n ondernemingreddingsplan; en
*(d)* die uitoefening kragtens die Maatskappywet van 'n bevoegdheid deur die ondernemingreddingspraktisyn.

(4) By die toepassing van Hoofstuk 6 van die Maatskappywet—

*(a)* word 'n verwysing na die Kommissie vertolk as dat dit ook na die registrateur verwys;
*(b)* word 'n verwysing na krediteure uitgelê as ook 'n verwysing na die lede van die betrokke pensioenfonds of die lede ten bate van wie die betrokke administrateur die pensioenfonds administreer; en
*(c)* bykomend tot enige oorweging in verband met die besigheid van 'n pensioenfonds of 'n administrateur, word daar ook oorweeg of enige voorgestelde handeling in die belang is van die lede van die betrokke pensioenfonds of die lede ten bate van wie die betrokke administrateur die pensioenfonds administreer.

(5) Indien 'n aansoek by 'n hof om 'n bevel betreffende die ondernemingsredding van 'n pensioenfonds of 'n administrateur deur 'n geraakte persoon wat nie die registrateur is nie, gedoen word—

*(a)* word dit nie aangehoor nie tensy afdrukke van die kennisgewing van mosie en van alle gepaardgaande beëdigde verklarings en ander dokumente wat ter ondersteuning van die aansoek ingedien is, by die registrateur ingedien is voordat die aansoek op die rol geplaas word vir verhoor; en

*(b)* the registrar may, if satisfied that the application is not in the interests of the members of the pension fund concerned or the members on whose behalf the administrator concerned is administering the pension fund, join in the application as a party and file affidavits and other documents in opposition to the application.

(6) As from the date upon which a business rescue practitioner is appointed, the business rescue practitioner of a pension fund or an administrator shall not provide new benefits, unless the practitioner has been granted permission to do so by a court.''.

**Amendment of section 19 of Act 24 of 1956, as amended by section 13 of Act 80 of 1959, section 9 of Act 58 of 1966, section 1 of Act 80 of 1996, section 2 of Act 23 of 1970, section 7 of Act 91 of 1972, section 23 of Act 101 of 1976, section 11 of Act 94 of 1977, section 11 of Act 80 of 1978, section 14 of Act 103 of 1979, section 39 of Act 99 of 1980, section 14 of Act 82 of 1982, section 20 of Act 46 of 1984, section 17 of Act 86 of 1984, section 11 of Act 50 1986, section 5 of Act 51 of 1988, section 8 of Act 53 of 1989, section 11 of Act 64 of 1990, section 2 of Act 1994 of 1997, section 2 of Act 65 of 2001 and section 17 of Act 22 of 2008**

**33.** Section 19 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (4)*(b)* for subparagraph *(aa)* of the following subparagraph:

''*(aa)* a **['subsidiary company' or]** 'subsidiary' as defined in section 1**[(1)]** of the Companies Act**[,1973 (Act No 61 of 1973]**;'';

*(b)* by the substitution in subsection (5B)*(b)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

''(ii) a subsidiary **[company or a controlled company]** (as defined in the Companies Act**[, 1973 (Act No. 61 of 1973)]**) of such a first-mentioned company.''; and

*(c)* by the insertion after subsection (5C) of the following subsection:

''(5D) *(a)* A fund shall not without the prior approval of the registrar, directly or indirectly, acquire or hold shares or any other financial interest in another entity which results in the fund exercising control over that entity.

*(b)* The approval referred to in paragraph *(a)* may be given subject to such conditions as the registrar may prescribe.''.

**Substitution of section 24 of Act 24 of 1956**

**34.** The following section is hereby substituted for section 24 of the principal Act:

''**Enquiries**

**24.** The registrar may address enquiries to any registered fund, approved administrator or third party in relation to any matter connected with **[its]** the business or transactions of a fund or approved administrator, and it shall be the duty of the fund, approved administrator or third party to reply in writing thereto within a period of **[thirty]** 30 days as from the date upon which the registrar addressed the enquiry to it or within such further period as the registrar may allow.''.

*(b)* kan die registrateur, indien tevrede dat die aansoek nie in die belang is nie van die lede van die betrokke pensioenfonds of die lede namens wie die betrokke administrateur die pensioenfonds administreer is nie, as 'n party by die aansoek aansluit en beëdigde verklarings en ander dokumente indien om die aansoek teen te staan.

(6) Met ingang vanaf die datum waarop 'n ondernemingreddingspraktisyn aangestel is, voorsien die ondernemingreddingspraktisyn of 'n administrateur nie nuwe voordele nie, tensy 'n hof die praktisyn toestemming gegee het om dit te doen.".

**Wysiging van artikel 19 van Wet 24 van 1956, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 80 van 1959, artikel 9 van Wet 58 van 1966, artikel 1 van Wet 80 van 1996, artikel 2 van Wet 23 van 1970, artikel 7 van Wet 91 van 1972, artikel 23 van Wet 101 van 1976, artikel 11 van Wet 94 van 1977, artikel 11 van Wet 80 van 1978, artikel 14 van Wet 103 van 1979, artikel 39 van Wet 99 van 1980, artikel 14 van Wet 82 van 1982, artikel 20 van Wet 46 van 1984, artikel 17 van Wet 86 van 1984, artikel 11 van Wet 50 1986, artikel 5 van Wet 51 van 1988, artikel 8 van Wet 53 van 1989, artikel 11 van Wet 64 van 1990, artikel 2 van Wet 1994 van 1997, artikel 2 van Wet 65 van 2001 en artikel 17 van Wet 22 van 2008**

**33.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subparagraaf *(aa)* in subartikel (4)*(b)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"*(aa)* 'n **['filiaalmaatskappy']** 'filiaal' soos in artikel 1**[(1)]** van die Maatskappywet, **[1973 (Wet No. 61 van 1973),]** omskryf;";

*(b)* deur subparagraaf (ii) in subartikel (5B)*(b)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) 'n **[filiaalmaatskappy of 'n beheerde maatskappy]** filiaal (soos in die Maatskappywet, **[1973 (Wet No. 61 van 1973),]** omskryf) van so 'n eersgenoemde maatskappy."; en

*(c)* deur die volgende subartikel na subartikel (5C) in te voeg:

"(5D) *(a)* 'n Fonds moet nie sonder die vooraf toestemming van die registrateur aandele of ander finansiële belang in 'n ander entiteit wat die fonds beheer oor daardie entiteit laat uitoefen, direk of indirek verkry of hou nie.

*(b)* Die goedkeuring in paragraaf *(a)* bedoel kan onderworpe aan voorwaardes wat die registrateur voorskryf, gegee word.".

**Vervanging van artikel 24 van Wet 24 van 1956**

**34.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Navrae**

**24.** Die registrateur kan aan 'n geregistreerde fonds, goedgekeurde administrateur of derde party navrae rig met betrekking tot enige saak aangaande **[sy]** die besigheid of transaksies van 'n fonds of goedgekeurde administrateur, en dit is die plig van die fonds, goedgekeurde administrateur of derde party om binne 'n tydperk van **[dertig]** 30 dae vanaf die datum waarop die registrateur navraag gedoen het of binne so 'n verdere tydperk as wat die registrateur mag toelaat, so 'n navraag skriftelik te beantwoord.".

**Substitution of section 25 of Act 24 of 1956, as substituted by section 16 of Act 11 of 2007**

**35.** The following section is hereby substituted for section 25 of the principal Act:

"**Inspections and on-site visits**

**25.** (1) The registrar may—

*(a)* conduct an on-site visit under Chapter 1A of the Financial Institutions (Protection of Funds) Act, 2001 (Act No. 28 of 2001); or

*(b)* instruct an inspector to conduct an inspection under the Inspection of Financial Institutions Act, 1998 (Act No. 80 of 1998).

(2) After an on-site visit or inspection has been carried out in terms of subsection (1), the registrar may direct the person concerned to take any steps, to refrain from performing or continuing to perform any act or to terminate or remedy any contravention of or failure to comply with any provision of this Act: Provided that the registrar may not make an order contemplated in section 6D(2)*(b)* of the Financial Institutions (Protection of Funds) Act, 2001 (Act No. 28 of 2001).".

**Amendment of section 26 of Act 24 of 1956, as substituted by section 17 of Act 11 of 2007**

**36.** Section 26 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The registrar may, after considering the interests of the members of a fund (or of the several categories of members if there is more than one such category)**[, direct]**—

*(a)* declare that a specific practice or method of conducting business is unacceptable, irregular or undesirable and that such fund, administrator or person must refrain from conducting such practice or method of conducting business; or

*(b)* direct that the rules of the fund, including rules relating to the appointment, powers, remuneration (if any) and removal of the board, be amended if the results of an inspection or **[investigation]** on-site visit under section 25 necessitates amendment of the rules of the fund or if the registrar is of the opinion that the fund—

**[*(a)*]** (i) is not in a sound financial condition or does not comply with the provisions of this Act or the regulations affecting the financial soundness of the fund;

**[*(b)*]** (ii) has failed to act in accordance with the provisions of section 18; or

**[*(c)*]**(iii) is not managed in accordance with this Act or the rules of the fund.";

*(b)* by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Where a fund has no properly constituted board contemplated in section 7A and has failed to constitute a board after 90 days written notice by the registrar, or where a fund cannot constitute a board properly or where a board fails to comply with any requirements prescribed by the registrar in terms of section 7A(3), the registrar may, notwithstanding the rules of the fund, at the cost of the fund—";

*(c)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* appoint so many persons as may be **[necessary]** appropriate to the board of the fund or appoint so many persons as may be necessary to make up the full complement or quorum of the board; and"; and

*(d)* by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) If the registrar has reason to believe that a board member is not or is no longer fit and proper to hold office, the registrar may, after giving the board member a reasonable opportunity to be heard**[,]**—

**Vervanging van artikel 25 van Wet 24 van 1956, soos vervang deur artikel 16 van Wet 11 van 2007**

**35.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Inspeksies en besoeke ter plaatse**

**25.** (1) Die registrateur mag—

*(a)* 'n besoek ter plaatse doen kragtens Hoofstuk 1A van die Wet op Finansiële Instellings (Beskerming van Fondse), 2001 (Wet No. 28 van 2001); of

*(b)* 'n inspekteur opdrag gee om 'n inspeksie kragtens die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1998 (Wet No. 80 van 1998), te doen.

(2) Nadat 'n besoek of inspeksie ter plaatse ingevolge subartikel (1) gedoen is, kan die registrateur die betrokke fonds of persoon opdrag gee om enige stappe te doen, om op te hou om iets te doen of enige oortreding van of versuim om te voldoen aan hierdie Wet te beëindig of reg te stel: Met dien verstande dat die registrateur nie 'n bevel in artikel 6D(2)*(b)* van die Wet op Finansiële Instellings (Beskerming van Fondse), 2001 (Wet No. 28 van 2001), kan uitreik nie.".

**Wysiging van artikel 26 van Wet 24 van 1956, soos vervang deur artikel 17 van Wet 11 van 2007**

**36.** Artikel 26 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die registrateur kan, nadat die belange van die lede van 'n fonds (of van die verskeie kategorieë van lede indien daar meer as een sodanige kategorie is) in oënskou geneem is**[, opdrag gee]**—

*(a)* verklaar dat 'n bepaalde praktyk of metode van sake bedryf onaanvaarbaar, onreëlmatig of ongewens is en dat sodanige fonds, administrateur of persoon moet ophou om sodanige praktyk of metode van sake bedryf, te beoefen; of

*(b)* opdrag gee dat die statute van die fonds, insluitend statute betreffende die aanstelling, bevoegdhede, vergoeding (indien enige) en verwydering van die raad, gewysig word indien die uitslag van 'n inspeksie of **[ondersoek]** besoek ter plaatse kragtens artikel 25 wysiging van die statute van die fonds verg of indien die registrateur van mening is dat die fonds—

**[*(a)*]** (i) nie in 'n gesonde finansiële toestand is nie of nie voldoen aan die bepalings van hierdie Wet of die regulasies wat die finansiële gesondheid van die fonds raak nie;

**[*(b)*]** (ii) versuim het om op te tree ooreenkomstig die bepalings van artikel 18; of

**[*(c)*]** (iii) nie bestuur word ooreenkomstig hierdie Wet of die statute van die fonds nie.";

*(b)* deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Wanneer 'n fonds geen behoorlik saamgestelde raad het soos beoog in artikel 7A nie en versuim het om 'n raad saam te stel na 90 dae skriftelike kennis deur die registrateur, of waar 'n fonds nie 'n raad behoorlik kan saamstel nie of waar 'n raad versuim om enige vereistes ingevolge artikel 7A(3) deur die registrateur voorgeskryf na te kom, kan die registrateur, nieteenstaande die statute van die fonds, vir die koste van die fonds—";

*(c)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* soveel persone op die raad van die fonds aanstel soos wat **[nodig]** gepas mag wees of soveel persone aanstel soos wat nodig mag wees om die volle getal of kworum van die raad uit te maak; en"; en

*(d)* deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Indien die registrateur rede het om te glo dat 'n raadslid nie, of nie meer, geskik en bekwaam is om die amp te beklee nie, kan die registrateur, nadat die raadslid redelike geleentheid gegun is om aangehoor te word**[,]**—

*(a)* direct the board member to vacate office; and
*(b)* replace that board member with another person for the period and subject to the conditions that the registrar may prescribe.".

**Amendment of section 28 of Act 24 of 1956, as amended by section 15 of Act 103 of 1979, section 25 of Act 83 of 1992, section 6 of Act 22 of 1996, section 3 of Act 94 of 1997, section 18 of Act 11 of 2007 and section 17 of Act 22 of 2008**

**37.** Section 28 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* The liquidator shall as soon as may be possible, deposit for approval with the registrar the preliminary accounts prescribed, signed and certified as correct by the liquidator and showing the assets and liabilities of the fund as at the commencement of the liquidation as well as the manner in which it is proposed to realise the assets and to discharge the liabilities, including any liabilities and contingent liabilities to or in respect of members, or, in the case of the partial termination of the fund, the assets and liabilities of the fund attributable to the members connected to the participating employer whose withdrawal from the fund has caused its partial termination.";

*(b)* by the addition to subsection (4)*(b)* of the following subparagraph:

"(iii) the payment of minimum benefits referred to in section 14A.";

*(c)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) *(a)* The registrar shall direct the liquidator to publish a notice, at the cost of such a fund, in the *Gazette* and in **[one]** a newspaper **[in the English language and one in the Afrikaans language, or, if deemed necessary in the circumstances, in any other official language,]** circulating in the district in which the registered office of the fund is **[situate]** situated and in which is stated the period during which and the places at which the preliminary accounts and report (if any) shall lie open for inspection by interested persons.

*(b)* The notice shall call upon any interested persons who have any objection to the preliminary accounts and report (if any) to lodge their objections in writing with the registrar within the period stated in the notice, which period shall not be shorter than **[fourteen]** 14 days, calculated as from the last day on which those documents lie open for inspection.";

*(d)* the substitution for subsection (12A) of the following subsection:

"(12A) Notwithstanding any provision to the contrary in this section, the registrar, on good cause shown, may authorise the liquidator, subject to any conditions that the registrar may impose and prior to the submission of the final accounts and report (if any)—

*(a)* to make payment of any amounts to the members and beneficiaries of a fund **[before submission of the final accounts and report (if any), subject to the conditions that may be prescribed from time to time]**; or
*(b)* where the liquidator is satisfied that benefits are and will remain unclaimed benefits, to transfer such benefits to an unclaimed benefit fund."; and

*(e)* by the substitution for subsection (13) of the following subsection:

"(13) The provisions of the Companies Act**[, 1973 (Act No. 61 of 1973,)]** shall apply **[*mutatis mutandis*]** with the necessary changes to the dissolution of a fund in terms of this section, in so far as the said provisions relate to a voluntary winding-up in terms of the said Act, and in so far as the said provisions are applicable and not inconsistent with any provisions of this Act.".

(a) die raadslid opdrag gee om uit die amp te tree; en
(b) daardie raadslid met 'n ander persoon vervang vir die tydperk en behoudens die voorwaardes wat die registrateur mag voorskryf.''.

**Wysiging van artikel 28 van Wet 24 van 1956, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 103 van 1979, artikel 25 van Wet 83 van 1992, artikel 6 van Wet 22 van 1996, artikel 3 van Wet 94 van 1997, artikel 18 van Wet 11 van 2007 en artikel 17 van Wet 22 van 2008**

**37.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf *(a)* in subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* Die likwidateur moet so spoedig moontlik by die registrateur die voorlopige rekenings vir goedkeuring indien wat voorgeskryf en deur die likwidateur onderteken en as korrek gesertifiseer is en waarin aangetoon word die bates en laste van die fonds soos by die aanvang van die likwidasie asook die voorgestelde wyse waarop die bates te gelde gemaak en die laste vereffen moet word, met inbegrip van enige laste en voorwaardelike laste teenoor of ten opsigte van lede, of, in die geval van die gedeeltelike beëindiging van die fonds, die bates en laste van die fonds wat toegeskryf kan word aan die lede verbonde aan die deelnemende werkgewer wie se onttrekking aan die fonds tot sy gedeeltelike beëindiging gelei het.'';

(b) deur in paragraaf *(b)* van subartikel (4) die volgende subparagraaf by te voeg:

''(iii) die betaling van minimum voordele in artikel 14A bedoel.'';

(c) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

''(7) *(a)* Die registrateur moet die likwidateur gelas om, op rekening van so 'n fonds, in die *Staatskoerant* en in **[een]** 'n nuusblad **[in die Engelse taal en een in die Afrikaanse taal, of, indien dit in die omstandighede nodig geag word, in enige ander amptelike taal,]** wat in omloop is in die distrik waarin die geregistreerde kantoor van die fonds geleë is, 'n kennisgewing te publiseer waarin vermeld word die tydperk waartydens en die plekke waar die voorlopige rekenings en verslag (as daar is) beskikbaar sal wees vir insae deur belanghebbendes.

*(b)* In die kennisgewing moet alle belanghebbendes wat enige beswaar het teen die voorlopige rekenings en verslag (as daar is) aangesê word om hul besware skriftelik by die registrateur in te dien binne die tydperk vermeld in die kennisgewing, welke tydperk nie korter mag wees nie as **[veertien]** 14 dae, bereken vanaf die laaste dag waarop daardie dokumente vir insae beskikbaar is.'';

(d) deur subartikel (12A) deur die volgende subartikel te vervang:

''(12A) Ondanks enige andersluidende bepaling van hierdie artikel kan die registrateur, op bewys van gegronde redes, onderworpe aan enige voorwaardes wat die registrateur kan oplê en voor die voorlegging van die finale rekenings en verslag (as daar is), die likwidateur magtig om **[vóór die voorlegging van die finale rekenings en verslag (as daar is)]**—

(a) betaling van enige bedrae aan die lede en begunstigdes van 'n fonds te doen **[behoudens die voorwaardes wat van tyd tot tyd voorgeskryf kan word]**; of

(b) waar die likwidateur tevrede is dat voordele onopgeëiste voordele is en sal bly, sodanige voordele oordra na 'n fonds vir onopgeëiste voordele.''; en

(e) deur subartikel (13) deur die volgende subartikel te vervang:

''(13) Die bepalings van die Maatskappywet**[, 1973 (Wet No. 61 van 1973),]** is **[*mutatis mutandis*]** met die nodige veranderinge van toepassing op die ontbinding van 'n fonds ooreenkomstig hierdie artikel, vir sover bedoelde bepalings betrekking het op 'n vrywillige likwidasie ooreenkomstig genoemde Wet en vir sover bedoelde bepalings toepaslik is en nie met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is nie.''.

**Amendment of section 28A of Act 24 of 1956, as inserted by section 4 of Act 94 of 1997**

**38.** Section 28A of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The registrar **[by notice in the *Gazette*]** shall **[determine]** prescribe the services for which remuneration shall be payable to the liquidator of a fund which is terminated or dissolved voluntarily, whether wholly or in part, and prescribe the tariff of remuneration in respect of those services.".

**Amendment of section 29 of Act 24 of 1956, as amended by section 16 of Act 103 of 1979 and section 26 of Act 83 of 1992**

**39.** Section 29 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (4) and (5) of the following subsections, respectively:

"(4) The provisions of the Companies Act**[, 1973 (Act No. 61 of 1973),]** shall apply **[*mutatis mutandis*]** with the necessary changes to a winding-up under this section, in so far as the said provisions refer to a winding-up by the court in terms of the said Act, and in so far as the said provisions are applicable and not inconsistent with any provision of this Act or with any directions issued by the court under this section.

(5) The court may direct that the aforementioned provisions of the Companies Act**[,1973]** may, for the purposes of the winding-up be suitably modified in any particular case if, **[the court is satisfied that]** having regard to the circumstances of the fund concerned, it would be impracticable or unnecessarily onerous to comply with the said provisions in every particular case, and that in spite of such modification, the interests of the creditors of the fund will be sufficiently safeguarded.".

**Insertion of section 29A in Act 24 of 1956**

**40.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 29:

"**Winding-up of unregistered pension fund**

**29A.** (1) If a person carries on the business of a pension fund which is not registered under this Act, the registrar may apply to the court for the sequestration or liquidation of that person and the unregistered fund, whether or not the person or fund is solvent, in accordance with—

*(a)* the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936);
*(b)* the Companies Act;
*(c)* the Close Corporations Act, 1984 (Act No. 68 of 1984); or
*(d)* the law under which that person is incorporated.

(2) In deciding an application contemplated in subsection (1), the court—

*(a)* may take into account whether the sequestration or liquidation of the person or fund concerned is reasonably necessary—
*(b)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(f)* of the following paragraph:

''*(f)* The Registrar **[may]** must, where a directive is issued to ensure the protection of the public in general, publish the directive **[in the *Gazette*]** on the official web site and any other media that the Registrar deems appropriate, in order to ensure that the public may easily and reliably access the directive.'';

*(c)* by the deletion of subsection (6); and

*(d)* by the addition of the following subsection:

''(8) *(a)* The Registrar may—

(i) conduct an on-site visit under Chapter 1A of the Financial Institutions (Protection of Funds) Act, 2001 (Act No. 28 of 2001); or

(ii) instruct an inspector to conduct an inspection under the Inspection of Financial Institutions Act, 1998 (Act No. 80 of 1998).

*(b)* After an on-site visit or inspection has been carried out in terms of paragraph *(a)*, the Registrar may, in accordance with section 4(2), direct the person concerned to take any steps, to refrain from performing or continuing to perform any act or to terminate or remedy any contravention of or failure to comply with any provision of this Act: Provided that the Registrar may not make an order contemplated in section 6D(2)*(b)* of the Financial Institutions (Protection of Funds) Act, 2001 (Act No. 28 of 2001).''.

**Repeal of section 6 of Act 53 of 1998**

**113.** Section 6 of the principal Act is hereby repealed.

**Amendment of section 8 of Act 53 of 1998, as amended by section 27 of Act 17 of 2003**

**114.** Section 8 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* subject to section 8(1)*(a)* of the Long-term Insurance Act, 1998, without the approval of the Registrar apply to his, her or its business or undertaking a name or description which includes the word 'insure', 'assure' or 'underwrite' or any derivative thereof, unless **[he, she or it]** such person is a short-term insurer or a Lloyd's underwriter ; **[or]**'';

*(b)* by the addition to subsection (1) of the following paragraphs:

''*(c)* publish any advertisement, brochure or similar communication which relates to the business of a short-term insurer or a Lloyd's underwriter, or to a short-term policy, and which is misleading or contrary to the public interest or contains an incorrect statement of fact; or

*(d)* publish any advertisement, brochure or similar communication which relates to a short-term policy that does not prominently include the name of the short-term insurer or Lloyd's underwriter underwriting the short-term policy.'';

**met die Advieskomitee]** voorgeskryf, en wat deur die Registrateur met betrekking tot 'n korttermynversekeraar, Lloyd's-onderskrywer of 'n tussenganger kragtens hierdie Wet gehou word, besigtig of 'n afskrif van of uittreksel uit so 'n dokument bekom.".

**Wysiging van artikel 4 van Wet 53 van 1998, soos gewysig deur artikel 26 van Wet 17 van 2003 en artikel 29 van Wet 27 van 2008**

**112.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (3) te skrap;

*(b)* deur paragraaf *(f)* in subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(f)* Die Registrateur **[kan]** moet, indien 'n lasgewing uitgereik word om die beskerming van die publiek in die algemeen te verseker, die lasgewing publiseer **[in die *Staatskoerant*]** op die amptelike webwerf en enige ander media wat die Registrateur toepaslik ag, ten einde te verseker dat die publiek maklik en betroubaar toegang tot die lasgewing kan kry.";

*(c)* deur subartikel (6) te skrap; en

*(d)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(8) *(a)* Die Registrateur kan—

(i) 'n besoek ter plaatse aflê kragtens Hoofstuk 1A van die Wet op Finansiële Instellings (Beskerming van Fondse), 2001 (Wet No. 28 van 2001); of

(ii) 'n inspekteur opdrag gee om 'n inspeksie kragtens die Wet op Inspeksie van Finansiële Instellings, 1998 (Wet No. 80 van 1998), te doen.

*(b)* Nadat 'n besoek ter plaatse of inspeksie ingevolge paragraaf *(a)* gedoen is, kan die Registrateur, ooreenkomstig artikel 4(2), die betrokke persoon opdrag gee om enige stappe te doen, om enige handeling nie te verrig nie of om op te hou om enige handeling te verrig of om enige oortreding van of versuim om te voldoen aan enige bepaling van hierdie Wet te voldoen, te beëindig of reg te stel: Met dien verstande dat die registrateur nie 'n bevel in artikel 6D(2)*(b)* van die Wet op Finansiële Instellings (Beskerming van Fondse), 2001 (Wet No. 28 van 2001), beoog, mag uitreik nie.".

**Herroeping van artikel 6 van Wet 53 van 1998**

**113.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 8 van Wet 53 van 1998, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 17 van 2003**

**114.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* behoudens artikel 8(1)*(a)* van die Langtermynversekeringswet, 1998, sonder die goedkeuring van die Registrateur, 'n naam of beskrywing wat die woord 'verseker, 'verassureer' of 'onderskryf' of enige afleiding daarvan insluit, in verband met sy of haar besigheid of onderneming gebruik nie, tensy **[hy of sy]** sodanige persoon 'n korttermynversekeraar of 'n Lloyd's-onderskrywer is; **[of]**";

*(b)* deur die volgende paragrawe by subartikel (1) te voeg:

"*(c)* enige advertensie, brosjure of soortgelyke kommunikasie publiseer nie wat verband hou met die besigheid van 'n korttermynversekeraar of 'n Lloyd's-onderskrywer, of met 'n korttermynpolis, en wat misleidend of strydig met die openbare belang is of 'n verkeerde stelling of feit bevat; of

*(d)* enige advertensie, brosjure of soortgelyke kommunikasie publiseer nie wat verband hou met 'n korttermynpolis wat nie die naam van die korttermynversekeraar of Lloyd's-onderskrywer wat die korttermynpolis onderskryf, duidelik vertoon nie.";

*(c)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Registrar may from time to time by notice **[in the *Gazette*]** on the official web site or, in the case of any particular person, by notice to such person, subject to such conditions as the Registrar determines—"; and

*(d)* by the deletion of subsection (5).

**Amendment of section 10 of Act 53 of 1998, as amended by section 31 of Act 27 of 2008**

**115.** Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(g)* of the following paragraph:

"*(g)* requiring that the provisions of the **[memorandum and articles of association]** Memorandum of Incorporation, or equivalent constitution, of the short-term insurer must be suitable to enable it to carry on short-term insurance business; or".

**Amendment of section 12 of Act 53 of 1998**

**116.** Section 12 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* **[(i)]** has made a material misrepresentation to members of the public in connection with the short-term insurance business carried on by it;

**[(ii) has failed to comply with a material condition subject to which it is registered or deemed to be registered as a short-term insurer; or**

**(iii) has contravened or failed to comply with a material provision of this Act,**

**and has thereafter, within a period determined by the Registrar, failed to remedy such conduct to the satisfaction of the Registrar; or]**";

*(b)* by the insertion in subsection (1) after paragraph *(b)* of the following paragraphs:

"*(b*A*)* no longer meets the conditions under which it was registered;

*(b*B*)* has failed to comply with any other condition imposed under this Act;

*(b*C*)* has failed to comply with any directive issued under this Act;

*(b*D*)* is in the opinion of the Registrar not managed or owned by persons who are fit and proper; or not managed in accordance with the governance and risk management framework prescribed by the Registrar in the *Gazette*;

*(b*E*)* has contravened or failed to comply with a provision of this Act; or";

*(c)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* were it then to apply for registration in terms of section 9, would not be able to satisfy the Registrar as to the matters referred to in section 9(3)**[*(b)*(i), (iii) or (iv)]**,";

*(d)* by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"When the Registrar has given notice to a short-term insurer in accordance with subsection (1), and has allowed that insurer **[at least 30 days]** a reasonable period in which to make representations to the Registrar in respect of the matter, the Registrar may, by notice to the short-term insurer—"; and

*(e)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(c)* **[if it is appropriate and if the Minister has authorised the Registrar in writing to do so,]** prohibit the short-term insurer from carrying on such short-term insurance business as the Registrar may specify in the notice, and which has been specified in the first-mentioned notice.".

*(c)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Registrateur kan van tyd tot tyd by kennisgewing **[in die *Staatskoerant*]** op die amptelike webwerf of, in die geval van enige besondere persoon, by kennisgewing aan so 'n persoon, behoudens die voorwaardes wat die Registrateur bepaal—"; en

*(d)* deur subartikel (5) te skrap.

**Wysiging van artikel 10 van Wet 53 van 1998, soos gewysig deur artikel 31 van Wet 27 van 2008**

**115.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(g)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(g)* waarby vereis word dat die bepalings van die **[akte van oprigting en statute]** Akte van Oprigting, of die soortgelyke konstitusie, van die korttermynversekeraar, geskik moet wees om hom in staat te stel om korttermynversekeringsbesigheid te dryf; of".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 53 van 1998**

**116.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(b)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* **[(i)]** 'n wesenlike wanvoorstelling aan lede van die publiek gemaak het in verband met die korttermynversekeringsbesigheid wat hy dryf;

**[(ii) versuim het om te voldoen aan 'n wesenlike voorwaarde behoudens waaraan hy as 'n korttermynversekeraar geregistreer is of geag word geregistreer te wees; of**

**(iii) 'n wesenlike bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen,**

**en daarna in gebreke gebly het om binne 'n tydperk deur die Registrateur bepaal, sodanige gedrag ten genoeë van die Registrateur reg te stel; of]**";

*(b)* deur na paragraaf *(b)* in subartikel (1) die volgende paragrawe in te voeg:

"*(b*A*)* nie meer voldoen aan die voorwaardes waarvolgens dit geregistreer is nie;

*(b*B*)* versuim het om te voldoen aan enige ander voorwaarde kragtens hierdie Wet opgelê;

*(b*C*)* versuim het om aan enige voorskrif kragtens hierdie Wet uitgereik te voldoen;

*(b*D*)* na mening van die Registrateur nie deur persone wat gepas en geskik is bestuur of besit word nie; of nie ooreenkomstig die raamwerk vir beheer- en risikobestuur deur die Registrateur in die *Staatskoerant* voorgeskryf, bestuur word nie;

*(b*E*)* 'n bepaling van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen; of";

*(c)* deur paragraaf *(c)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* as hy dan sou aansoek doen om registrasie ingevolge artikel 9, nie in staat sou wees om die Registrateur tevrede te stel nie ten opsigte van die aangeleenthede in artikel 9(3)**[*(b)*(i), (iii) of (iv)]** bedoel,";

*(d)* deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Wanneer die Registrateur kennis ooreenkomstig subartikel (1) aan 'n korttermynversekeraar gegee het, en daardie versekeraar **[minstens 30 dae]** 'n redelike tydperk toegelaat is om vertoë aan die Registrateur ten opsigte van die aangeleentheid te rig, kan die Registrateur, by kennisgewing aan die korttermynversekeraar—"; en

*(e)* deur paragraaf *(c)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(c)* **[indien dit toepaslik is en indien die Minister die Registrateur skriftelik daartoe magtig,]** die korttermynversekeraar verbied om dié wat die Registrateur in die kennisgewing vermeld, van die korttermynversekeringsbesigheid wat in eersgenoemde kennisgewing vermeld is, te dryf.".

**Amendment of section 13 of Act 53 of 1998**

**117.** Section 13 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for the words following paragraph *(c)* of the following words:

"by notice direct the short-term insurer concerned, with effect from a date specified in the notice, not to enter into any more short-term policies and require it to make arrangements satisfactory to the Registrar to discharge its obligations under all short-term policies entered into before the specified date and, when the Registrar is satisfied that the short-term insurer concerned no longer has any obligations under any such policy, shall, by notice to the short-term insurer and **[in the *Gazette*]** on the official web site, cancel its registration."; and

*(b)* by the substitution in subsection (3) for the words following paragraph *(b)* of the following words:

"the Registrar shall by notice **[in the *Gazette*]** on the official web site cancel its registration.".

**Substitution of section 14 of Act 53 of 1998**

**118.** The following section is hereby substituted for section 14 of the principal Act:

"**Deregistration of short-term insurers as companies**

**14.** For the purposes of section **[73(5)]** 82(3) of the Companies Act in relation to a short-term insurer, the reference to the **[Registrar of Companies]** Commission in that section shall be construed as a reference to the **[Registrar of Companies]** Commission acting in concurrence with the Registrar.".

**Amendment of section 15 of Act 53 of 1998**

**119.** Section 15 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Registrar may only impose a prohibition or determine a limitation and a condition under subsection (1) or (2) by notice **[in the *Gazette*]** on the official web site—"; and

*(b)* by the substitution in subsection (3)*(b)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

"(ii) short-term insurers generally, **[in the *Gazette*]** on the official web site; and".

**Amendment of section 19 of Act 53 of 1998, as amended by section 32 of Act 27 of 2008**

**120.** Section 19 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A short-term insurer shall at all times have**[,]** one or more auditors appointed by it in accordance with the provisions of the Companies Act applicable to a **[widely-held]** public company.".

**Amendment of section 20 of Act 53 of 1998, as substituted by section 34 of Act 27 of 2008**

**121.** Section 20 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If a short-term insurer for any reason fails to appoint an auditor or statutory actuary, the Registrar may, notwithstanding **[sections 269(4) and 271(1)]** section

**Wysiging van artikel 13 van Wet 53 van 1998**

**117.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) die woorde wat op paragraaf *(c)* volg deur die volgende woorde te vervang:

“die betrokke korttermynversekeraar by kennisgewing gelas om, met ingang van ’n datum in die kennisgewing vermeld, nie verder enige korttermynpolisse af te sluit nie en van hom vereis om reëlings ten genoeë van die Registrateur te tref om sy verbintenisse kragtens alle korttermynpolisse wat voor die vermelde datum afgesluit is, af te los en, wanneer die Registrateur tevrede is dat die betrokke korttermynversekeraar nie verder enige verbintenisse kragtens enige sodanige polis het nie, moet die Registrateur, by kennisgewing aan die korttermynversekeraar en **[in die *Staatskoerant*]** op die amptelike webwerf, sy registrasie kanselleer.”; en

*(b)* deur in subartikel (3) die woorde wat op paragraaf *(b)* volg deur die volgende woorde te vervang:

“moet die Registrateur sy registrasie by kennisgewing **[in die *Staatskoerant*]** op die amptelike webwerf kanselleer.”.

**Vervanging van artikel 14 van Wet 53 van 1998**

**118.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“**Deregistrasie van korttermynversekeraars as maatskappye**

**14.** By die toepassing van artikel **[73(5)]** 82(3) van die Maatskappywet met betrekking tot ’n korttermynversekeraar, word die verwysing na die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissie in daardie artikel uitgelê as ’n verwysing na die **[Registrateur van Maatskappye]** Kommissie handelende met die instemming van die Registrateur.”.

**Wysiging van artikel 15 van Wet 53 van 1998**

**119.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“Die Registrateur kan slegs ’n verbod of ’n beperking en ’n voorwaarde kragtens subartikel (1) of (2) by kennisgewing **[in die *Staatskoerant*]** op die amptelike webwerf oplê of bepaal—”; en

*(b)* deur subparagraaf (ii) in subartikel (3)*(b)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

“(ii) korttermynversekeraars in die algemeen, **[in die *Staatskoerant*]** op die amptelike webwerf; en”.

**Wysiging van artikel 19 van Wet 53 van 1998, soos gewysig deur artikel 32 van Wet 27 van 2008**

**120.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) ’n Korttermynversekeraar moet te alle tye een of meer ouditeurs hê**[,]** deur hom aangestel ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet van toepassing op ’n publieke maatskappy **[met wye aandeelhouding]**.”.

**Wysiging van artikel 20 van Wet 53 van 1998, soos vervang deur artikel 34 van Wet No. 27 van 2008**

**121.** Artikel 20 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Indien ’n korttermynversekeraar om enige rede versuim om ’n ouditeur of statutêre aktuaris aan te stel, kan die Registrateur, ondanks **[artikels 269(4) en 271(1)]** artikel 90(1) en (2)*(c)* van die Maatskappywet, maar behoudens artikel 19

90(1) and (2)*(c)* of the Companies Act, but subject to section 19 or 19A of this Act, appoint an auditor or statutory actuary for that short-term insurer.''.

**Amendment of section 22 of Act 53 of 1998, as amended by section 36 of Act 27 of 2008**

**122.** Section 22 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) **[The]** Despite section 94(2) of the Companies Act, the board of directors of a short-term insurer shall appoint an audit committee **[of at least three members of whom at least two shall be independent non-executive directors within the meaning of section 269A(4)*(b)* and *(c)* of the Companies Act]**.''; and

*(b)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''The functions of the audit committee, in addition to the functions referred to in section **[270A(1)]** 94(7) of the Companies Act, **[shall be]** are—''.

**Substitution of section 23 of Act 53 of 1998, as amended by section 31 of Act 17 of 2003 and section 37 of Act 27 of 2008**

**123.** The following section is hereby substituted for section 23 of the principal Act:

''**Preference shares, debentures, share capital and share warrants**

**23.** (1) Notwithstanding the provisions of the Companies Act, a short-term insurer shall not without the approval of the Registrar or otherwise than in accordance with the conditions that the Registrar determines—

*(a)* issue any securities or change the capital structure of the company;

*(b)* reduce its share capital;

*(c)* allow its subsidiary to acquire directly or indirectly shares in it in terms of section 48 of the Companies Act; or

*(d)* conclude a transaction contemplated in section 44 of the Companies Act.

(2) The conditions referred to in subsection (1) may include a new or varied registration condition contemplated in section 10 or 11.''.

**Amendment of section 24 of Act 53 of 1998, as amended by section 38 of Act 27 of 2008**

**124.** Section 24 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph *(b)* of the following paragraph:

''*(b)* to or in the name of **[an executor, administrator, trustee, curator, guardian or liquidator in the circumstances contemplated in section 103(3) of the Companies Act]** an executor of the estate of a deceased shareholder of a company, a trustee of a shareholder whose estate has been sequestrated or an administrator, curator or guardian of a shareholder who is otherwise under disability.''.

**Amendment of section 25 of Act 53 of 1998, as amended by section 32 of Act 17 of 2003**

**125.** Section 25 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:

''(1) Subject to this section, no person shall, directly or indirectly, and without the prior approval of the Registrar, acquire or hold shares or any other financial interest in a short-term insurer or a related party of that short-term insurer which results in that person, directly or indirectly, alone or with a related party, exercising control over that short-term insurer.

van 19A van hierdie Wet, 'n ouditeur of statutêre aktuaris vir daardie korttermynversekeraar aanstel.''.

**Wysiging van artikel 22 van Wet 53 van 1998, soos gewysig deur artikel 36 van Wet 27 van 2008**

**122.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) **[Die]** Ondanks artikel 94(2) van die Maatskappywet, moet die raad van direkteure van 'n korttermynversekeraar **[moet]** 'n ouditkomitee aanstel **[van minstens drie lede van wie minstens twee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure binne die betekenis van artikel 269A(4)*(b)* en *(c)* van die Maatskappywet is]**.''; en

*(b)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Die werksaamhede van die ouditkomitee, benewens die werksaamhede bedoel in artikel **[270A(1)]** 94(7) van die Maatskappywet, is—''.

**Vervanging van artikel 23 van Wet 53 van 1998, soos gewysig deur artikel 31 van Wet 17 van 2003 en artikel 37 van Wet 27 van 2008**

**123.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Voorkeuraandele, skuldbriewe, aandelekapitaal en aandeelbewyse**

**23.** (1) Ondanks die bepalings van die Maatskappywet, sal 'n korttermynversekeraar nie sonder die goedkeuring van die Registrateur of andersins as ooreenkomstig die voorwaardes wat die Registrateur bepaal nie—

*(a)* enige sekuriteite uitreik of die kapitaalstruktuur van die maatskappy verander;

*(b)* sy aandelekapitaal verminder nie;

*(c)* sy filiaal toelaat om ingevolge artikel 48 van die Maatskappywet regstreeks of onregstreeks aandele daarin te kry nie; of

*(d)* 'n transaksie in artikel 44 van die Maatskappywet beoog, sluit nie.

(2) Die voorwaardes in subartikel (1) bedoel kan 'n nuwe of veranderde registrasievoorwaarde in artikel 10 of 11 beoog, insluit.''.

**Wysiging van artikel 24 van Wet 53 van 1998, soos gewysig deur artikel 38 van Wet 27 van 2008**

**124.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* in subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* aan of in die naam van **[enige eksekuteur, administrateur, trustee, kurator, voog of likwidateur in die omstandighede in artikel 103(3) van die Maatskappywet beoog]** 'n eksekuteer van die boedel van 'n gestorwe aandeelhouer van 'n maatskappy, 'n trustee van 'n aandeelhouer wie se boedel gesekwestreer is of 'n administrateur, kurator of voog van 'n aandeelhouer wat andersins regtens onbekwaam is.''.

**Wysiging van artikel 25 van Wet 53 van 1998, soos gewysig deur artikel 32 van Wet 17 van 2003**

**125.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikels (1) en (2) onderskeidelik deur die volgende subartikels te vervang:

''(1) Behoudens hierdie artikel mag geen persoon, regstreeks of onregstreeks, en sonder die vooraf goedkeuring van die Registrateur, aandele of enige ander finansiële belang in 'n korttermynversekeraar of verwante party van daardie korttermynversekeraar verkry of hou wat tot gevolg het dat daardie persoon, regstreeks of onregstreeks, alleen of saam met 'n verwante party, beheer oor daardie korttermynversekeraar uitoefen nie.

(2) No person shall, directly or indirectly and without the prior approval of the Registrar, acquire or hold shares in a short-term insurer or a related party of that short-term insurer if—

*(a)* prior to the conversion of shares issued with a nominal value or par value in accordance with the Companies Act, the aggregate nominal value of those shares, by itself or together with the aggregate nominal value of the shares already owned by that person or by that person and **[his, her or its]** related parties, will amount to 25 per cent or more of the total nominal value of all of the issued shares of the short-term insurer concerned**[, without first having obtained the approval of the Registrar]**;

*(b)* after the conversion of shares issued with a nominal value or par value in accordance with the Companies Act, the total number of those shares, by itself or together with the total number of the shares already owned by that person or by that person and related parties, will amount to 25 per cent or more of all the shares in a specific class of shares issued by the short-term insurer concerned.'';

*(b)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

''(2A) A short-term insurer must inform the Registrar if any person, directly or indirectly, acquires shares or any other financial interests referred to in subsection (1) or (2) in that short-term insurer.'';

*(c)* by the substitution in subsection (3)*(a)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

''(i) subject to the aggregate nominal value of the shares or total number of shares in a specific class of shares or aggregate number of all the shares owned by the person concerned and his, her or its related parties not exceeding such percentage as may be determined by the Registrar without further approval in terms of this section;'';

*(d)* by the substitution in subsection (3)*(c)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

''(i) of the aggregate nominal value or number of a specific class; and'';

*(e)* by the substitution in subsection (4) for paragraphs *(a)* and *(b)* of the following paragraphs, respectively:

''*(a)* compelling such shareholder to reduce, within a period determined by the Court, that shareholding **[with a total nominal value]** to a shareholding not exceeding 25 per cent of—

(i) the total nominal value or number of all the issued shares of the short-term insurer; or

(ii) all the shares in a specific class of shares issued by the short-term insurer; and

*(b)* limiting, with immediate effect, the voting rights that may be exercised by such shareholder by virtue of his, her or its shareholding to **[25]** 15 per cent of the voting rights attached to all the issued shares of the short-term insurer.'';

*(f)* by the substitution in subsection (5)*(a)* for subparagraphs (i) and (ii) of the following subparagraphs, respectively:

''(i) **[his or her]** a person who is recognised in law or the tenets of a religion as the spouse, permanent life partner or civil union partner of that person;

(ii) **[his or her]** a child**[, parent]** of that person, including a stepchild **[or stepparent and any spouse of any such person]**, an adopted child and a child born out of wedlock;'';

*(g)* by the insertion in subsection (5)*(a)* after subparagraph (ii) of the following subparagraphs:

''(iiA) a parent or stepparent of that person;

(iiB) a person in respect of whom that person is recognised in law or appointed by a court as the person legally responsible for

(2) Geen persoon mag, regstreeks of onregstreeks en sonder die vooraf goedkeuring van die Registrateur, aandele in 'n korttermynversekeraar of verwante party van daardie korttermynversekeraar verkry of hou nie indien—

*(a)* voor die omskakeling van aandele uitgereik met 'n nominale waarde of pariwaarde ooreenkomstig die Maatskappywet, indien die totale nominale waarde van daardie aandele, opsigself of tesame met die totale nominale waarde van die aandele alreeds deur daardie persoon of daardie persoon en **[sy of haar]** verwante partye besit, 25 persent of meer van die totale nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die betrokke korttermynversekeraar sal bedra**[, sonder om vooraf goedkeuring van die Registrateur te verkry nie]**;

*(b)* na die omskakeling van aandele met 'n nominale waarde of pariwaarde uitgereik ooreenkomstig die Maatskappywet, die totale getal van daardie aandele, opsigself of tesame met die aandele wat daardie persoon of daardie persoon en verwante partye reeds besit, meer as 25 persent of meer van al die aandele in 'n bepaalde klas aandele deur die betrokke korttermynversekeraar uitgereik, sal beloop.";

*(b)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) 'n Korttermynversekeraar moet die Registrateur inlig indien enige persoon, regstreeks of onregstreeks, aandele of enige ander finansiële belang in subartikel (1) of (2) bedoel, in daardie korttermynversekeraar verkry.";

*(c)* deur subparagraaf (i) in subartikel (3)*(a)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) behoudens dat die totale nominale waarde van die aandele of totale getal aandele in 'n bepaalde klas aandele of totale getal van al die aandele deur die betrokke persoon en sy of haar verwante partye besit nie die persentasie oorskry wat deur die Registrateur bepaal word sonder verdere goedkeuring ingevolge hierdie artikel nie;";

*(d)* deur subparagraaf (i) in subartikel (3)*(c)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) van die totale nominale waarde van 'n bepaalde klas; en";

*(e)* deur paragrawe *(a)* en *(b)* in subartikel (4) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* om so 'n aandeelhouer te verplig om, binne 'n tydperk deur die Hof bepaal, daardie aandeelhouding te verminder tot 'n aandeelhouding **[met 'n totale nominale waarde]** van hoogstens 25 persent van—

(i) die totale nominale waarde of getal van al die uitgereikte aandele van die korttermynversekeraar; of

(ii) al die aandele in 'n bepaalde klas aandele uitgereik deur 'n korttermynversekeraar; en

*(b)* wat, dadelik ingaande, die stemreg wat deur so 'n aandeelhouer uit hoofde van sy of haar aandeelhouding uitgeoefen kan word, beperk tot **[25]** 15 persent van die stemreg verbonde aan al die uitgereikte aandele van die korttermynversekeraar.";

*(f)* deur subparagrawe (i) en (ii) in subartikel (5)*(a)* onderskeidelik deur die volgende subparagrawe te vervang:

"(i) **[sy of haar]** 'n persoon wat volgens wet of die leerstellings van 'n geloof as die gade, permanente lewensmaak of burgerlike verbintenismaat van daardie persoon erken word;

(ii) **[sy of haar]** 'n kind**[, ouer]** van daardie persoon, met inbegrip van 'n stiefkind **[of stiefouer en enige gade van so persoon]**, aangenome kind en 'n kind wat buite die eg gebore is;";

*(g)* deur na subparagraaf (ii) in subartikel (5)*(a)* die volgende subparagrawe in te voeg:

"(iiA) 'n ouer of stiefouer van daardie persoon;

(iiB) 'n persoon ten opsigte van wie daardie persoon regtens erken word of deur 'n Hof aangestel is as die persoon wat wetlik verantwoordelik is vir die bestuur van die sake of voldoening aan

managing the affairs of or meeting the regular care needs of the first-mentioned person;

(iiC) a person who is the permanent life partner or spouse or civil union partner of a person referred to in subparagraphs (ii), (iiA) and (iiB);

(iiD) a person who is in a commercial partnership with that person;";

*(h)* by the substitution in subsection (5)*(b)* for subparagraph (i) of the following subparagraph:

"(i) which is a company, means **[its]** any subsidiary **[and its]** or holding company **[and]** of that company, any other subsidiary **[or]** of that holding company **[thereof]** and any other company of which that holding company is a subsidiary;"; and

*(i)* by the substitution in subsection (6) for paragraphs *(a)*, *(b)* and *(c)* of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* holds shares in the short-term insurer of which—

(i) the total nominal value represents 25 per cent or more of the nominal value of all the issued shares thereof;

(ii) the total number of shares represents 25 per cent or more of all the shares in a specific class of shares issued by that short-term insurer;

*(b)* **[holds shares which entitle such person to exercise 25 per cent or more of the voting rights attached to the issued shares of that short-term insurer]** is directly or indirectly able to exercise or control the exercise of more than 15 per cent of the voting rights associated with securities of that company, whether pursuant to a shareholder agreement or otherwise; or

*(c)* has the **[power to determine the appointment of 25 per cent or more of the directors of that short-term insurer, including the power—**

**(i) to appoint or remove, without the concurrence of another person, 25 per cent or more of the directors; or**

**(ii) to prevent a person from being appointed as a director without another person's consent]** right to appoint or elect, or control the appointment or election of, directors of that company who control more than 15 per cent of the votes at a meeting of the board.".

**Amendment of section 27 of Act 53 of 1998**

**126.** Section 27 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"No person shall, despite any other law—";

*(b)* by the substitution in subsection (1) for the words following paragraph *(b)* of the following words:

"a share in a short-term insurer or a related party of that short-term insurer allotted or issued to such first-mentioned person or registered in such person's name contrary to this Act."; and

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The validity of a resolution passed by a short-term insurer or a related party of that short-term insurer shall not be affected solely by reason of a vote being cast contrary to subsection (1)*(a)*.".

**Amendment of section 36 of Act 53 of 1998**

**127.** Section 36 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) No transaction to which a short-term insurer is a party and which constitutes an agreement by which all or any part of the business of a short-term insurer is

die gereelde behoeftes vir versorging van die eersgenoemde persoon;

(iiC) 'n persoon wat die permanente lewensmaat of gade of burgerlike verbindingsmaat van 'n persoon in subparagrawe (ii), (iiA) en (iiB) bedoel, is;

(iiD) 'n persoon wat in 'n handelsvennootskap met daardie persoon is;'';

*(h)* deur subparagraaf (i) in subartikel (5)*(b)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(i) wat 'n maatskappy is, **[sy]** enige filiaal **[en sy]** of houermaatskappy **[en]** van daardie maatskappy, enige ander filiaal **[of]** van daardie houermaatskappy **[van hom]** en enige ander maatskappy waarvan daardie houermaatskappy 'n filiaal is;''; en

*(i)* deur paragrawe *(a)*, *(b)* en *(c)* in subartikel (6) onderskeidelik deur die volgende paragrawe te vervang:

"*(a)* aandele in die korttermynversekeraar hou waarvan—

(i) die totale nominale waarde 25 persent of meer van die nominale waarde van al sy uitgereikte aandele verteenwoordig;

(ii) die totale getal aandele verteenwoordig 25 persent of meer van al die aandele in 'n bepaalde klas aandele deur daardie korttermynversekeraar uitgereik;

*(b)* **[aandele hou wat so 'n persoon geregtig maak om 25 persent of meer van die stemreg verbonde aan die uitgereikte aandele van daardie korttermynversekeraar uit te oefen]** regstreeks of onregstreeks beheer oor die uitoefening van 15 persent van die stemregte vereenselwig met sekuriteite van daardie maatskappy het, hetsy ooreenkomstig 'n aandeelhouer ooreenkoms of andersins; of

*(c)* die **[bevoegdheid het om die aanstelling van 25 persent of meer van die direkteure van daardie korttermynversekeraar te bepaal, met inbegrip van die bevoegdheid—**

**(i) om sonder die instemming van enige ander persoon, 25 persent of meer van die direkteure aan te stel of te verwyder; of**

**(ii) om die aanstelling van enige persoon as direkteur sonder 'n ander persoon se toestemming te verhinder]** reg het om direkteure van daardie maatskappy aan te stel of te verkies, of om hul aanstelling of verkiesing te beheer, wat meer as 15 persent van die stemme by 'n raadsvergadering beheer.''.

**Wysiging van artikel 27 van Wet 53 van 1998**

**126.** Artikel 27 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Geen persoon mag, ondanks enige ander wet—'';

*(b)* deur in subartikel (1) die woorde wat op paragraaf *(b)* volg deur die volgende woorde te vervang:

" 'n aandeel in 'n korttermynversekeraar of 'n verwante party van daardie korttermynversekeraar aan eersgenoemde persoon strydig met hierdie Wet toegeken of uitgereik of in so 'n persoon se naam geregistreer nie.''; en

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die geldigheid van 'n besluit deur 'n korttermynversekeraar of 'n verwante party tot die korttermynversekeraar geneem, word nie geraak slegs omdat 'n stem strydig met subartikel (1)*(a)* uitgebring word nie.''.

**Wysiging van artikel 36 van Wet 53 van 1998**

**127.** Artikel 36 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Geen transaksie waarby 'n korttermynversekeraar 'n party is en wat 'n ooreenkoms uitmaak waarby die geheel of 'n gedeelte van die besigheid van 'n

transferred to another person, or by which a fundamental transaction or compromise**[, arrangement or amalgamation]** contemplated in Part A of Chapter **[XII]** 5 and section 155 of the Companies Act is effected, or by which a short-term insurer which is not a company having a share capital is to be converted into a public company having a share capital, shall have legal force without the approval of the Registrar.''.

**Amendment of section 37 of Act 53 of 1998**

**128.** Section 37 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in paragraph *(a)* for subparagraphs (i) and (ii) of the following subparagraphs, respectively:

''(i) at least 60 days before lodging the application, give notice to the Registrar thereof together with full particulars of the transaction, which particulars must be provided in such form as the Registrar may require;

(ii) at least 30 days before lodging the application, cause a notice, in the form and containing the information required by the Registrar, to be published in such official languages in the *Gazette* and in such other **[newspapers]** media as the Registrar may determine;'';

*(b)* by the deletion in paragraph *(c)* of the word ''and'' at the end of subparagraph (i); and

*(c)* by the substitution in paragraph *(c)* for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

''(ii) by notice, direct any party to the transaction to provide the Registrar or that person with all information and documents relating to the transaction which **[he or she]** the Registrar may require; and''.

**Amendment of section 38 of Act 53 of 1998**

**129.** Section 38 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''Notwithstanding the provisions of the Companies Act, the approval of the Registrar of a transaction referred to in section 36(1) may be granted subject to such conditions as the Registrar may determine and shall not be granted—''.

**Substitution of heading of Part VI of Act 53 of 1998**

**130.** The following heading is hereby substituted for the heading of Part VI of the principal Act:

''**[Judicial management] Business rescue and winding-up of short-term insurers**''.

**Substitution of section 40 of Act 53 of 1998**

**131.** The following section is hereby substituted for section 40 of the principal Act:

''**Business rescue**

**40.** (1) Notwithstanding the provisions of the Companies Act or any other law under which a short-term insurer is incorporated, Chapter 6 of the Companies Act shall, subject to this section and with the necessary changes, apply in relation to the business rescue of a short-term insurer, whether or not it is a company.

(2) The Registrar may make an application under section 131 of the Companies Act in respect of a short-term insurer if the Registrar is satisfied, whether in accordance with section 12(2) or 34(2) of this Act or otherwise, that it is in the interests of the policyholders of the short-term insurer to do so.

(3) The following acts are subject to the approval of the Registrar:

korttermynversekeraar aan 'n ander persoon oorgedra word, of waarby 'n wesenlike transaksie of skikking**[, reëling of amalgamasie]** beoog in Deel A van Hoofstuk **[XII]** 5 en artikel 155 van die Maatskappywet bewerkstellig word, of waarvolgens 'n korttermynversekeraar wat nie 'n maatskappy met aandelekapitaal is nie, in 'n openbare maatskappy omskep moet word wat 'n aandelekapitaal het, is regtens geldig sonder die goedkeuring van die Registrateur nie.".

**Wysiging van artikel 37 van Wet 53 van 1998**

**128.** Artikel 37 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subparagrawe (i) en (ii) in paragraaf *(a)* onderskeidelik deur die volgende subparagrawe te vervang:

"(i) minstens 60 dae voor indiening van die aansoek, die Registrateur daarvan kennis gee tesame met volle besonderhede van die transaksie, welke besonderhede voorsien moet word in sodanige vorm wat die Registrateur vereis;

(ii) minstens 30 dae voor indiening van die aansoek, 'n kennisgewing in die vorm en bevattende die inligting deur die Registrateur vereis, in die *Staatskoerant* laat publiseer in die amptelike tale en in die ander **[nuusblaaie]** media wat die Registrateur bepaal;";

*(b)* deur aan die einde van subparagraaf (i) in paragraaf *(c)* die woord "en" te skrap; en

*(c)* deur subparagraaf (ii) in paragraaf *(c)* deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) by kennisgewing enige party tot die transaksie gelas om die Registrateur of daardie persoon te voorsien van alle inligting en dokumente met betrekking tot die transaksie wat **[hy of sy]** die Registrateur mag vereis; en".

**Wysiging van artikel 38 van Wet 53 van 1998**

**129.** Artikel 38 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Ondanks die bepalings van die Maatskappywet **[word]** kan die goedkeuring van die Registrateur vir 'n transaksie in artikel 36(1) bedoel, verleen word behoudens sodanige voorwaarde wat die Registrateur kan bepaal en nie verleen nie—".

**Vervanging van opskrif van Deel VI van Wet 53 van 1998**

**130.** Die opskrif van Deel VI van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang:

"**[Geregtelike bestuur] Ondernemingsredding en likwidasie van korttermynversekeraars**".

**Vervanging van artikel 40 van Wet 53 van 1998**

**131.** Artikel 40 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Ondernemingsredding**

**40.** (1) Ondanks die bepalings van die Maatskappywet of enige ander wet waarkragtens 'n korttermynversekeraar ingelyf is, is Hoofstuk 6 van die Maatskappywet, behoudens hierdie artikel en met die nodige veranderinge, van toepassing op die ondernemingsredding van 'n korttermynversekeraar, hetsy dit 'n maatskappy is al dan nie.

(2) Die Registrateur kan ingevolge artikel 131 van die Maatskappywet 'n aansoek doen ten opsigte van 'n korttermynversekeraar indien die Registrateur tevrede is, hetsy ooreenkomstig artikel 12(2) of 34(2) van hierdie Wet of andersins, dat dit in die belang is van die polishouers van die korttermynversekeraar om dit te doen.

(3) Die volgende handelinge is onderhewig aan die goedkeuring van die Registrateur:

*(a)* The resolution of a short-term insurer to begin business rescue proceedings;
*(b)* the appointment of a business rescue practitioner;
*(c)* the adoption of a business rescue plan; and
*(d)* the exercise of a power by the business rescue practitioner under the Companies Act.

(4) In the application of Chapter 6 of the Companies Act—
*(a)* a reference to the Commission shall be construed as a reference also to the Registrar;
*(b)* the reference to creditors shall be construed as a reference also to the policyholders of the short-term insurer;
*(c)* a reference relating to the inability of a short-term insurer to pay all its debts, shall be construed as relating also to its inability to comply with section 28(1) of this Act;
*(d)* in addition to any question relating to the business of a short-term insurer, there shall be considered also the question whether any proposed action is in the interests of the policyholders.

(5) If an application to a Court for an order relating to the business rescue of a short-term insurer is made by an affected person other than the Registrar—
*(a)* it shall not be heard unless copies of the notice of motion and of all accompanying affidavits and other documents filed in support of the application have been lodged with the Registrar at least 60 days before the application is set down for hearing; and
*(b)* the Registrar may, if satisfied that the application is not in the interests of the policyholders of the short-term insurer, join in the application as a party and file affidavits and other documents in opposition to the application.

(6) As from the date upon which a business rescue practitioner is appointed, the business rescue practitioner of a short-term insurer shall not enter into any new short-term policies, unless the practitioner has been granted permission to do so by the Registrar.".

## Amendment of section 41 of Act 53 of 1998

**132.** Section 41 of the principal Act is hereby amended—
*(a)* by the substitution for the heading of the following heading:
"**Winding-up [by Court]**";
*(b)* by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections, respectively:
